**9 Augustus**

**Skrifgedeelte: Matteus 5:21-26**
**Fokusgedeelte: Matteus 5:23, 24**

**’n Geloofwaardige getuie: streef na versoening**

Christus eis in verse 23 en 24 van ons om in ’n versoende verhouding met ons naaste te lewe as vrug van die versoening met God wat Hy vir ons bewerk het.
Hierdie eis tot versoening moet gesien word in die lig van verse 21 en 22, waarin Hy wys op die oppervlakkige verklaring van die wet deur die Joodse leermeesters. Hulle het gesê dat elkeen wat moord pleeg, voor die regbank strafbaar is. Dit is in twee opsigte ’n oppervlakkige verklaring. Eerstens sê hulle dat ’n persoon eers aanspreeklik is ná ’n voltooide daad van moord. Tweedens is so ’n persoon na ’n moord alleen aanspreeklik voor die dorp of stad se plaaslike regbank.
Daarteenoor gaan God se oordeel nie net oor die voltooide daad van moord nie, maar ook die gesindheid wat lei tot moord. So ’n onversoende gesindheid kom reeds na vore as iemand vir sy broer/suster kwaad is of hom/haar op een of ander wyse uitskakel. Daarby is ’n persoon met so ’n gesindheid nie net strafbaar voor die plaaslike Joodse regbank of selfs die Joodse Raad (Sanhedrin) nie, maar met die helse vuur.
In die lig hiervan moet versoening met jou medemens daadwerklik nagestreef word. Daarom, as iemand aan God wil offer en so by Hom versoening vir sy sonde soek en dit hom byval dat daar iemand is wat iets teen hom het – al het hy self nie iets teen die persoon nie – moet hy voor hy offer, eers versoening met daardie persoon gaan soek.
Dit geld ook vir ons vandag. As ek weet dat iemand iets teen my het, al het ek niks teen hom/haar nie, moet ek versoening met hom/haar gaan soek. Ons moet onthou dat, al was daar geen skuld by God nie, Hy met liefde in Christus na ons as sondaars toe gekom het om versoening tussen Hom en ons te bewerk. So moet ons ook optree.

*Sing: Psalm 139:1, 12 (1936)* *Prof. PJ de Bruyn (Emeritus)*